KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 51 **Nr 41** **15 Nov 2026**

Wat leer jou kind in katkisasie?

Wat is jou wêreldbeskouing? En watter lewens- en wêreldbeskouing leer jy jou kinders? Leer jy ooit bewustelik vir hulle hoe om die wêreld te sien?

Wêreldbeskouing klink dalk na ’n grootmenswoord. Hoekom moet my kind daarvan weet? Die verrassende antwoord is dat elkeen van ons ’n wêreldbeskouing het. As ouer het jy die verantwoordelikheid om bewus te wees van wat in jou kind se hart en gedagtes gevorm word.

Onderwysers onderrig jou kind vyf dae van die week en help hulle om akademies te presteer. Tog word ’n kind se oortuigings nie net deur skoolboeke gevorm nie. Dit ontwikkel deur waardes, norme en beginsels wat ons as ouers daagliks aan hulle oordra. Ons weet dat mense se waardes verskil, en daarom bestaan daar soveel verskillende geloofsoortuigings en kerke.

Wêreldbeskouing is hoe jou kind die wêreld sien en waaraan hy of sy meet wat reg of verkeerd is. Vir ons as Christene is die Woord van God ons meetsnoer. In *Deuteronomium 6* kry ouers die opdrag om voortdurend met hulle kinders oor God se Woord te praat. Nie net op Sondae nie, maar deur die gewone, alledaagse lewe.

Ouerskap is werk, volharding en voorbeeld. Jy mag moeg raak, maar moenie moeg word om te doen wat reg is nie. Leer jou kinders God se Woord, memoriseer saam teksverse, bid saam en wees bereid om klein te word voor God. Leer hulle ook om die sekulêre wêreld krities vanuit ’n Bybelse perspektief te beoordeel.

Dit is nie outyds nie. *Dit is katkisasie*! Dit is om saam met jou kinders die geloofspad te stap, hulle te leer dat God die fondament van hulle lewe is, Jesus hulle Verlosser is en die Heilige Gees hulle harte ken.

Werk saam met jou kinders deur die Kategismus. Wees hulle geloofspilaar en iemand na wie hulle met sekerheid kan kom wanneer hulle vrae het.

So sal die belydenisaflegging nie net ’n kerklike gebeurtenis wees nie, maar die vrug van ’n ouer se doopbelofte wat getrou nagekom is.

Katkisasie is ’n spanpoging. Dit begin by die huis!

Sr Corlia van Biljon

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYE
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
Kantoorure: ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00

- -

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

EREDIENSTE OP INTERNET: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

KATKISASIE: **Vandag**: Hersiening & Afsluiting, Ps 146-1:1,3

KLEUTERKLAS: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
(Janneke Wessels – 071 898 5900)

Dienspersoneel

Datum	Wyk	Ouderling	Afkondigings	Diaken	Klank	Projektor	Video Uitsending
15-Nov	B14	Ben Erasmus	Pieter vd Dussen	Pieter v/d Dussen (Jnr)	Charl vd Bergh	Hannie vd Bergh	Nicolai vd Merwe
22-Nov	B15	Pieter van der Dussen	Johan Hogendyk	Riaan Fouche	Eric Guldemond	Carina vd Dussen	Hein Kaiser

KOLLEKTES

Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens)

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **EVK-projekte** (by die deure)

Volgende week: **Kerkkas**

Kerk se bankbesonderhede:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

Verjaarsdae

Belydende lidmate

15 Nov.	Marisa	Melck	C13	0833050375
	Magdaleen	vd Heever	E02	0659691443
16 Nov.	Rita	Smaal	A04	0832590081
	Nico	vd Westhuizen	C15	0767805711
17 Nov.	Christof	Bekker	B17	0765888342
	Louis	Bloemhof	A13	0828233612
	Rudy	Kruger	B15	0824686035
	Sollie	Nel	C12	0834417799
	Laurette	Snyman	A04	0829425720
18 Nov.	Michelle	vd Berg	A05	0826402571
19 Nov.	Charmaine	Coetzee	C13	0834002724
	Ina	Kruger	B03	0825152399
20 Nov.	Marie	Boshoff	B14	0824408802
	JP	de la Porte	A09	0823798533
21 Nov.	Jani	Nel	C11	0826533934
	Ané	vd Walt	B03	0845499831
	Max	Vorster	A06	0833019096

Dooplidmate

21 Nov.	Sophia	Burger	A12	0737223587
	Mianke	Kilian	B02	0794974784

Alethea Outreach 11:00

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/

aletheaministry/



Ons gee om vir Mekaar

"...God ontferm Hom oor ons." *Ps. 116:5*

- Elsie Kruger het 'n draai in die hospitaal gaan maak (A07 – 082 826 2752).
- Ben du Plessis sterk aan in Unitas hospitaal (C01 – 072 124 1076).
- ***Meelewing*** word betuig met Dirk, familie en vriende na die afsterwe van Ellie Klöckner. Begrafnisreëlings sal later bekend gemaak word.

Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk

met die doop vanoggend

- Thomas Lennox en sy dogter Mika.
- Mikayla Nell.

Beroepe ontvang

Ds CB (Brahm) Robinson van GK Bellville-Oos na GK Centurion as medeleraar

Beroep aanvaar

Dr HM (Heinrich) Zwemstra van GK Walvisbaai na GK Potchefstroom-Oos

Gemeentefoto's

Het ons jou foto al geneem?

Freek du Toit sal beskikbaar wees na afloop van die oggend-erediens op 22 Nov om die foto's te neem van lidmate wat nog nie by 'n vorige geleentheid geneem is vir die gemeente se rekords/ fotodatabasis nie.

Baie dankie vir jou medewerking!

Diakonie

Bernina @ Saxby—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

Huiskontrakteur – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; plaveisel; teëlwerk; waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Verkoop u, u huis? Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Eljada Huis

Waar die HERE sorg en voorsien!

Eljada verkoop koekies!

Volledige lys is op die kennisgewingbord.

Bestellings sluit 30 Nov.-26

Skakel gerus vir

Petro 012 377 0503/0670846792

MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in ’n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met ‘n tuin. Die prys is R545 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Des 2026. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R953. Die vaste munisipale kostes beloop tans R425. Al wat dan nog bykom is die elektrisiteitsverbruik. Aansoekvorms is by die ondergenoemde persone beskikbaar. Aansoeke word deur die bestuur van die Oord oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Gerrit Beumer 082 572 5235/ Rina Venter 071 403 4143 (Op terrein)

Aansoeke sluit 23 November 2026

Geloftefees
te GK Centurion
olv. Die plaaslike Gelofte Komitee

Datum: 16 Desember 2026
Samesang: 8h40 Samesang en Koorsang
Geloftediens: Dr. Douw Breed
Feesrede: Dr. Pieter de Kock ,
Die Wonder van Bloedrivier
Kontakpersoon: Charl vd Bergh
072 698 7956
Die verrigtinge sal ook gestroom word op stroom.gkcenturion.co.za

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

15 Nov.

Rika Pretorius B9

Anita Snyman B10



22 Nov.

Elke Nel B11

Heleen Kruger B14

Lourette vd Berg B16

Wyse Gryses

Ons sluit die jaar se byeenkomste af
op DV Maandag 16 November 2026
om 12h00
in die kerksaal.

Ons gaan die jaar se bedrywighede in oënskou neem en daarna gesellig saam kuier met 'n vingerete.

Bevestig asseblief jou teenwoordigheid voor Dinsdag 10 November by:

Ina Nel(083 408 7811) of
Liesje Kuperus (083 481 1160)

Almal is hartlik welkom!

Crossroads Prison Ministries – Ons benodig hulp!

Crossroads Prison Ministries benodig iemand wat weekliks kan help met die vervoer van lesmateriaal vanaf die kerk na ’n punt naby die N1 Westelike Verbypad, tussen die Rivonia- en Albertina Sisulu-afritte.

Ons evangelis, Glenn Fick, sal die houer by jou kom haal en weer aflaai.

Dink jy jy kan help? Kom gesels asseblief ná die diens met Ronell en Hannie onder die Olyfboom, of kontak **Hannie vd Bergh** by **082 780 3653**.

Jou hulp kan ’n groot verskil maak!

Manne in Christus

Alle manne, dit is pa’s, oupas, broers, seuns, swaers, ooms en neefs word uitgenooi na die manne-dag:

21 Nov

08:00 tot 12:00

Kom gesels, deel en bid saam.
Daar sal iets te ete en te drinke aangebied word.

Sien julle daar!

Geluk

Aflegging van Belydenis van Geloof:

Shanike Bessinger;
Louis Deist;
Wilmari Hoffmann;
Neels Kruger;
Imke Silvis;
Ivanka vd Merwe;
Mikayla Nell;
Ané Coetzee;
Daniël Erasmus;
Catie Hoogendyk;
Deodat le Roux;
Rii Spoelstra;
Jayden v Seventer;
Tommy Lennox
Vianri de Jager;
Ughu Grünenfelder;
Heinrich Kotzé;
Pieter Melck;
Elmi vd Dussen;
Lana v Zyl;

Baie welkom aan die familie en vriende van die Belydenisklas 2026





Dopper Doppies

Baie dankie aan almal wat meehelp om doppies te versamel. Ons het al ongeveer 100kg ingewin, maar gaan nie hier stop nie!

Bring jou plastiekdoppies dit voorsien 'n rolstoel aan iemand wat dit nodig het.

Die houer is voor die kombuis op die stoep.

Vir enige navrae WhatsApp
Cornea v Niewenhuizen 064 532 6804

Rina Venter 071 403 4143



Speelgroep
(Brugbediening)

Elke Dinsdag van 10:00 - 12:00 kom 12-15 kindertjies bymekaar om te speel en te leer.

Enigeen wat geroepe voel om deel te word hiervan kan Phia (082 601 6989) of Rika Pretorius (082 559 7705) kontak.

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 09:00

Vergeet om te vergeet

Skriflesing:
Deuteronomium 6 (1983)

Teksvers:
Deut 6:12

Sing:
Ps 105-1:1,2,5
Ps 25-1:2,7
Sb 14-1:1,2,3
Ps 128:4
Sb 14-2:1;14-6:1
Sb 13-3

Ds Maarten v Helden

Hoe maklik kan 'n mens net sommer vergeet. Die gewone sondige hart is so op homself ingestel, dat hy maklik vergeet van hoe en waar hy gekom het.

As ons goed geslaag het vergeet ons gou die sweet van die eindeksamen se voorbereidings. As ons gesond raak vergeet ons van die lang eensame dae in die hospitaal en die pyne en moeite van herstel. Soms ook maar goed so.

So vergeet ons maklik vanwaar ons hulp vandaan kom...

Veral as die lewe ons opgebruik of die voorspoed ons begin verveel, dan nog makliker vergeet ons waar alles vandaan kom en daarvoor moet ons juis waaksaam wees. In die tye waarin ons lewe so besig en dae so vol is, juis dan moet jy waak teen die sonde van vergeet.

SONDAGAAND 18:00

Arbei, Werk, Doen, Rus

Skriflesing:

Eksodus 20:8-11 (2020)

Teksvers:
Eksodus 20:9

HK: Sondag 38

Sing:
Ps 124:1,3,4
Ps 127:1,2
Ps 128:1,2,3,4
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Die vierde gebod gee meer as net die opdrag van rus. Dit is ook die werk-gebod. Werk word egter hier in meer as een betekenis aan ons as opdrag gegee. Daar is inderdaad vier opdragte in hierdie gebod:

Arbei – Dit is harde slawe arbeid, fisiese werk (Labour).
Werk – Dit is in die beroep waarin jy staan (Occupation).
Doen – Dit is om af te handel. (Produce).
Rus – Om te herstel. Meer spesifiek om in die Here te rus.

Om te rus is nie om niks te doen nie, maar eerder ‘n aktiewe handeling wat nie met jou werk te doen het nie. Hierdie rus moet egter gepaard gaan met die heiliging van die rusdag, met die gevolg dat jy jou geestelik moet versterk in die verlossing wat vir jou verwerf is.